basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## DRAMATIESE KUNSTE

## 2018

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | 20ste-eeuse Teaterbewegings | (30) |
| AFDELING B: | Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 | (40) |
| AFDELING C: | Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994 – Kontemporêr | (40) |
| AFDELING D: | Teatergeskiedenis, Praktiese Begrippe, Inhoud en Vaardighede | (40) |

2. **AFDELING A**
**VRAAG 1 is VERPLIGTEND.**
**Verwys na die toneelteks wat jy bestudeer het en die betrokke 20ste-eeuse Teaterbeweging.**

**EPIESE TEATER**

- *Caucasian Chalk Circle* — Bertolt Brecht
- *Kaukasiese Krytsirkel* — Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *Mother Courage* — Bertolt Brecht
- *Moeder Courage* — Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *The Good Person of Szechwan* — Bertolt Brecht
- *Kanna Hy Kô Hystoe* — Adam Small

**OF**

**TEATER VAN DIE ABSURDE**

- *Waiting for Godot* — Samuel Beckett
- *Afspraak met Godot* — Vertaling van Samuel Beckett-toneelteks
- *Bagasie* — André P Brink
- *The Bald Primadonna* — Eugene Ionesco
- *Die Kaalkop Primadonna* — Vertaling van Eugene Ionesco-toneelteks

**OF**

**POSTMODERNE TEATER**

- *Skrapnel* — Willem Anker
- *Top Girls* — Carol Churchill
- *Popcorn* — Ben Elton
- *Buried Child* — Sam Shepard

3. **AFDELING B**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 2: | *Woza Albert!* | Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon **OF** |
| VRAAG 3: | *Sophiatown* | Junction Avenue Teater Company **OF** |
| VRAAG 4: | *Siener in die Suburbs* | PG du Plessis |

4. **AFDELING C**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 5: | *Nothing but the Truth* | John Kani **OF** |
| VRAAG 6: | *Groundswell* | Ian Bruce **OF** |
| VRAAG 7: | *Mis* | Reza de Wet |

5. **AFDELING D**
**Hierdie afdeling bestaan uit EEN vraag (VRAAG 8) wat VERPLIGTEND is.**

**AFDELING A: 20ste-EEUSE TEATERBEWEGINGS**


Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

**VRAAG 1**

Bestudeer BRON A hieronder en beantwoord die vraag wat volg.


**BRON A**

**1**





**Jean Paul Sartre**

**2**




**Frederick Nietzsche**

**3**




**George Bernard Shaw**

**VERTALING VAN BRON A**

| 1. | 2. | 3. |
|---|---|---|
| **DIE MENS IS NIKS ANDERS AS WAT HY VAN HOMSELF MAAK NIE. DIT IS DIE EERSTE BEGINSEL VAN EKSISTENSIALISME.** | **MENSE WIL NIE DIE WAARHEID HOOR NIE WANT HULLE WIL NIE HÊ DAT HULLE ILLUSIES VERNIETIG WORD NIE.** | **DIE LEWE GAAN NIE DAAROOR OM JOUSELF TE VIND NIE. DIE LEWE GAAN DAAROOR OM JOUSELF TE SKEP.** |
| **Jean Paul Sartre** | **Frederick Nietzsche** | **George Bernard Shaw** |

Evalueer, in 'n opstel, hoe die toneelteks en die 20ste-eeuse Teaterbeweging wat jy hierdie jaar bestudeer het, enige van die aanhalings hierbo weerspieël.

Die inhoud van jou opstel moet die volgende insluit:

- Die betrokke 20ste-eeuse Teaterbeweging wat jy bestudeer het:
  - Teater van die Absurde OF Epiese Teater OF Postmoderne Teater
- Die aanhaling(s) wat jy in BRON A gekies het
- Spesifieke voorbeelde uit die toneelteks wat jy bestudeer het om jou antwoord te ondersteun

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

### VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

Bestudeer BRON B hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON B**

**UITTREKSEL UIT *WOZA ALBERT!***

*The lights come up on the actors wearing military hats and pink noses. Percy has a bloody bandage under his hat.*

MBONGENI: Address! Ssshhhoooo! Attention!

*They drill in unison.*

PERCY: *(Saluting)* Reporting sir! John Vorster Squad, sir!

MBONGENI: What have you to report, Sergeant?

PERCY: Operation Coronation, sir!

MBONGENI: Meaning, Sergeant?

PERCY: We have finally captured Morena, sir!

MBONGENI: You've what? Attention! One-two-three-one-two-three-one! (*They march to each other, shake hands.*) Excellent, Sergeant! Excellent!

PERCY: Thank you, sir.

MBONGENI: And now, what's happened to your head, Sergeant?

PERCY: A mad Zulu, sir.

MBONGENI: A mad Zulu?

PERCY: Yes, sir. He struck me with the branch of a tree, sir.

MBONGENI: A branch of a tree?

PERCY: They call it a knobkierie, sir.

MBONGENI: Ah! When, Sergeant?

PERCY: During Operation Coronation, sir.

2.1 Verduidelik waarna die 'pink noses' (reël 1) in die toneelstuk verwys. (2)

2.2 Stel voor waarom die skeppers van *Woza Albert!* verkies het om die regte name van die akteurs in die toneelstuk te gebruik. (2)

2.3 Beskryf hoe jy reëls 3 tot 5 in BRON B sal opvoer. Verwys na die volgende:

- Gebruik van stem en liggaam
- Gebruik van opvoerruimte/blok (6)

2.4 Analiseer die moontlike uitdagings wat 'n akteur kan ervaar wanneer baie rolle in *Woza Albert!* gespeel word. (4)

2.5 Die verhoogaanwysings in reël 1 en 2 sluit die woorde 'bloody bandage' en 'military hats' in. Verduidelik of hierdie beskrywings in die verhoogaanwysings vir die sukses van die toneel nodig is. (2)

2.6 Verduidelik die gebeure wat tot Operation Coronation (reël 7 en 20) gelei het. (4)

2.7 Identifiseer en evalueer voorbeelde van die volgende vorms van komedie in hierdie toneel:

- Fisiese komedie
- Verbale/Vokale komedie (6)

2.8 Assesseer waarom *Woza Albert!* as 'n vorm van Protesteater beskryf kan word. (4)

2.9 Bespreek hoe *Woza Albert!* daarin geslaag het om gehore deur die inhoud en opvoerstyl op te voed en te mobiliseer. (10)
**[40]**

## VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR THE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

Bestudeer BRON C hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON C**

**'N UITTREKSEL UIT *SOPHIATOWN***

MINGUS: Rubbish passionate! Jakes, just put, 'I won't wait after six!'

JAKES: Okay, Mingus … Mr Fahfee, what's in the news today?

FAHFEE: Ah. Father Huddleston has started a Western Areas protest committee. Congress has called for five thousand volunteers. Bo Resha says, 'The time has come'.

JAKES: Did you bring those books for Lulu?

MINGUS: Politics! You leave my sister alone. She's at school, and she's got a bloody lot of work. And you, Fahfee, don't come here with your own troubles.

FAHFEE: (*Sidestepping the issues*) Just tell me your dreams and I'll give you the right number.

JAKES: I'm dreaming up a scheme that'll floor the lot of you. Just wait – I've got a story up my sleeve that'll move me right to the top.

FAHFEE: The top? That's number 1!

JAKES: The King?

FAHFEE: Yes … We need help from you, Mr Drum. You must write about Sophiatown. We're not going to move, and you must tell the whole world.

JAKES: At the moment all I'm gonna tell the world about is boxing, but just wait – promotion is just around the corner.

MINGUS: Guys, guys, we must finish this love letter and get it off. Charlie!

FAHFEE: So how's it gonna end?

MINGUS: How about 'Yours in loving memory'?

3.1 Verduidelik waarom Mingus vir Jakes vra om vir hom 'n liefdesbrief te skryf. (2)

3.2 Stel voor waarom 'n gehoor moontlik die slot van die brief, 'Yours in loving memory' (reël 22), snaaks kan vind. (2)

3.3 Lewer kommentaar op hoe die karakters in hierdie toneel (BRON C) by mekaar aansluiting vind. (4)

3.4 Bespreek, met reëlverwysings, hoe jy die toneel kan blok om hierdie verhoudings (aansluitings) te toon. (6)

3.5 Vertel die storie wat Jakes in die mou voer ('has "up his sleeve" ') wat die hele spul van hulle sal dronkslaan ('that will "floor the lot of them" '). (Reël 12 en 13) (4)

3.6 Stel die mees waarheidsgetroue fisiese en vokale tegnieke voor wat die akteur, wat Mingus in BRON C speel, kan gebruik. (6)

3.7 *Sophiatown* kan as Protesteater beskryf word. Watter elemente van Protesteater kan jy in die toneelstuk identifiseer om hierdie stelling te ondersteun? (6)

3.8 Vetonderstel jy is Ruth. Skryf 'n joernaalinskrywing waarin jy oor die volgende besin:

- Jou persoonlike ervaring van die lewe in Sophiatown
- Jou persoonlike ervaring van die gedwonge verskuiwings
- Die invloed van die gedwonge verskuiwings op die mense wat in Mamariti se huis woon (10)

**[40]**

**VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS**

Bestudeer BRON D hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON D**

**TJOKKIE SE VISIOENE WANNEER HY IN DIE TONEELSTUK 'SIEN'**

**UITTREKSEL 1**

TJOKKIE:
Daar's die eerste man nou weer. Hy's jonger as die ander een. Hy soek weer in die akkertjie. Waar hy geplant het, is die grond gelyk. Waar die ouer man geplant het, groei daar iets. Ja, daar sien hy dit. Hy's bly. Hy dink seker dis syne … dit word dof … dis nou weg.

**UITTREKSEL 2**

TJOKKIE:
Hulle (die eende) is almal bruin. Daar's een vale. Die vaal een vlieg by almal verby. Hy bly voor. Hy bly voor! Dit gaan wen.

**UITTREKSEL 3**

TJOKKIE:
Ek sien die huis. Almal is hier. Ek is ook hier. Tiemie is hier. Ma is hier. Ou Giel is hier. Jakes is hier. Ek is ook hier. Ons kyk na die hek. Ek sien 'n man in die hek staan. Hy maak die hek oop. Ek ken hom nie. Hy't 'n uniform aan. Hy's half bekend. Ek gaan na hom toe. Ma bly staan. Ou Giel hardloop weg. Jakes hardloop weg. Ek gaan na hom toe. Kom, Tiemie, ons gaan na hom toe, kom Tiemie …

4.1 Volgens die toneelteks, waarom het Tjokkie die vermoë om te 'sien'? (1)

4.2 Noem die TWEE karakters wat Tjokkie dwing om te 'sien'. (2)

4.3 Beskryf hoe die twee karakters in VRAAG 4.2 Tjokkie dwing om te 'sien'. (2)

4.4 Analiseer enige TWEE van Tjokkie se visioene in BRON D met betrekking tot gebeure en karakters in die toneelstuk. (6)

4.5 Regverdig waarom *Siener in die Suburbs* 'n 'moet sien'-produksie is. (3)

4.6 Verduidelik hoe die akteur wat Tjokkie speel, die oomblik wat hy op die verhoog 'sien', fisies en vokaal kan uitvoer. (8)

4.7 Veronderstel dat jy die toneelstuk geregisseer het, hoe sou jy die klank en beligting in 'n toneel waar Tjokkie 'sien', gebruik om die dramatiese en teaterdoeltreffendheid van die opvoering te versterk? (8)

4.8 Bespreek hoe idees en temas, soos 'die toekoms' en 'om te droom', in hierdie toneelstuk ondersoek word. (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994 – KONTEMPORÊR

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

### VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

Bestudeer BRON E hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON E**

**'N TONEEL UIT 'N ONLANGSE PRODUKSIE VAN *NOTHING BUT THE TRUTH***



THANDO: Aren't you nervous?

SIPHO: About the job?

THANDO: No. About this evening.

5.1 Beskryf die verhouding tussen Sipho en Thando, soos in BRON E getoon, deur:

- Die plasing van die karakters op die verhoog
- Die dialoog (6)

5.2 Gee die akteurs wat Sipho en Thando speel, leiding oor hoe om hulle woorde te sê in die kort uittreksel in BRON E. (4)

5.3 Lewer kommentaar, met redes, op die geskiktheid van ELKE karakter se kostuum. (4)

5.4 Stel voor waarom Thando bekommerd is dat Sipho gespanne ('nervous') is, gebaseer op die kort dialoog in BRON E. (2)

5.5 Aan die einde van die toneelstuk het Sipho 'n kritieke uitbarsting. Analiseer die gebeure wat tot hierdie uitbarsting gelei het. (6)

5.6 Lewer kommentaar op die doeltreffendheid van die realistiese stelontwerp vir die aksie/handeling van die toneelstuk. (6)

5.7 Bespreek hoe *Nothing But The Truth* 'n voorbeeld van persoonlike en universele versoening is. (12)
**[40]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 6: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

Bestudeer BRON F hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON F**

**'N TONEEL UIT *GROUNDSWELL***



THAMI: (*Desperate.*) Johan, yeka. Yeka!

*Johan is positioned in front of Smith, ready to strike him.*

SMITH: (*Helpless.*) What … what do you want from me?

Jy het 'n rol in 'n skoolproduksie van *Groundswell* gekry. Jy is besig om die toneel wat in BRON F uitgebeeld word, te repeteer.

6.1 Identifiseer die plek waar die toneelstuk afspeel. (2)

6.2 Beskryf die stemming van hierdie toneel. (2)

6.3 Motiveer die insluiting van isiXhosa in die toneelteks. (2)

6.4 Hoe weerspieël die plasing van die karakters hulle verhouding en die stemming van die toneel? (4)

6.5 Beskryf hoe apartheid die verhouding tussen die karakters in die toneelstuk beïnvloed het. (4)

6.6 Jy het 'n rol as een van die karakters in die toneelstuk gekry. Besin oor die tegnieke van 'n teaterpraktisyn wat die ontwikkeling en uitbeelding van jou karakter geïnspireer het. (6)

6.7 Beskryf 'n geskikte dekorstel wat die genre van die toneelstuk sal komplementeer. (4)

6.8 Verduidelik waarom jy glo die regisseur hierdie toneelstuk gekies het om by jou skool op te voer. (4)

6.9 'n Belangrike element van enige realistiese drama is konflik. Konflik dryf die handeling/aksie van die toneelstuk tot by die klimaks en afsluiting.

Bespreek die belangrikheid van hierdie stelling. Verwys na die intrige, sosiopolitieke konteks en onderwerp van *Groundswell.* (12)
**[40]**

## VRAAG 7: *MIS* DEUR REZA DE WET

Bestudeer BRON G en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON G**

**'N UITTREKSEL UIT *MIS***

MIEM: (*Softly.*) I'm glad you came. You're safe here with us, Gertie. (*She glances quickly at the passage door.*) When I think about that murderer … that rapist … creeping around the town again tonight, stalking his prey … (*Suddenly.*)

GERTIE: Miem! You're giving me the creeps.

MIEM: It's the uncertainty that's so disturbing. Where will he strike? Who will it be?

GERTIE: It's terrible! But there are some people who think that we're all making far too much of the whole thing. That Tok Pieterse's Rienie en Hannah Koen's Sannie just ran away … because they were unhappy and frustrated. (*As Miem speaks, Meisie enters, sits down and carries on sewing.*)

MIEM: I don't want to hear it! I just don't want to hear! It makes me too upset. All those poor fools who can't see the danger. (*She snorts.*) You must have seen that tent outside town on your way up here?

GERTIE: Yes. And there was a queue of people waiting to go in.

MEISIE: (*Excited.*) Are there a lot of lights and is the tent very big?

MIEM: (*Angrily.*) What do you care? (*To Gertie.*) The idiots! But I wash my hands. We've warned them and warned them, but they won't listen. When I think of those dreadful people …

Jy en jou groep het die toneel hierbo gekies as deel van 'n informele opvoeringsbeoordeling. Jy besluit om die rol van Miem vir die opvoering te speel.

7.1 Beskryf hoe die stemming van die toneel in die verhoogaanwysings vasgevang is. Verwys na reëls 1 tot 4. (2)

7.2 Gee in breë trekke, vir die res van jou groep, jou idees oor klankeffekte wat bygevoeg kan word om die stemming en atmosfeer in hierdie toneel te skep. (4)

7.3 Identifiseer die ironie van Miem se woorde in reëls 11 tot 13. (2)

7.4 Stel voor wat reël 15 oor Meisie se gesindheid teenoor die sirkus onthul. (2)

7.5 Evalueer die belangrikheid van lig as 'n simbool in die toneelstuk. Verwys na voorbeelde in die toneelteks as 'n geheel in jou antwoord. (6)

7.6 Analiseer watter waardes en gesindhede Miem se karakter in haar woorde en aksies/handelinge in BRON G uitbeeld. (4)

7.7 Verduidelik hoe jy Miem se karakter in reëls 16 tot 18 beide fisies en vokaal sou vertolk. (8)

7.8 Bespreek hoe Reza de Wet die idee van die bonatuurlike in die toneelstuk ontwikkel. (12)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE

### VRAAG 8 (VERPLIGTEND)

Bestudeer BRON H hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON H**

**ARM/GESTROOPTE TEATERKONVENSIES**
deur Justin Cash

Die Poolse teaterpraktisyn, Jerzy Grotowski (1933–1999), is bekend vir sy intense akteuropleidingsprosesse in die 1960's en 1970's. Grotowski en sy klein groepies akteurs het by die Laboratory Theatre in Opole met die fisiese, geestelike en ritualistiese aspekte van teater, die aard van die rol en die verhouding tussen akteur en toeskouer geëksperimenteer. Grotowski was 'n sleutelfiguur van avant-garde-teater. Sy uitgebreide toneelspelstelsel is sedert die werk van Stanislavski waarskynlik die volledigste benadering tot toneelspel.

As regisseur het Grotowski verkies om werke in nie-tradisionele ruimtes, soos geboue en kamers, in plaas van hoofstroomteaters met tradisionele verhoë op te voer. Die gehoor is tipies midde-in die aksie/handeling self geplaas.

Grotowski het geglo dat teater nie met die 'ryk' filmwese kon meeding nie, daarom het hy sy teater 'arm' gemaak.

8.1 Definieer *Arm/Gestroopte Teater*. (2)

8.2 Skryf kort aantekeninge oor Grotowski se siening van akteurs en toneelspel. (4)

8.3 Verduidelik hoe Suid-Afrikaanse teater tydens apartheid deur Arm/Gestroopte Teater beïnvloed is. (4)

8.4 Bespreek kortliks hoe die werk van Stanislavski (reël 6) tot die teaterwêreld bygedra het. (4)

8.5 Vergelyk hoe Grotowski en Stanislavski teaterruimte ten opsigte van die akteur-gehoor-verhouding gebruik het. (6)

8.6 Stel voor waarom Grotowski geglo het dat teater nie met die 'ryk filmwese' kon meeding nie (reël 11). (4)

8.7 Vergelyk die ervaring om 'n lewendige teateropvoering te kyk met die ervaring om na 'n film te kyk. (6)

8.8 Beskryf hoe jy die beginsels van Grotowski ÓF Stanislavski ÓF film op enige van jou praktiese opvoerings gedurende jou studie van Dramatiese Kunste toegepas het. (10)

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou